BEESWINKEL (PTY) LTD DERDE PARTY OOREENKOMS

NADEMAAL die Verkoper begerig is om vee te bemark op die elektroniese platvorm van Bees Winkel (Edms) Bpk ("Bees Winkel"); en

NADEMAAL die Verkoper nie toegang tot die elektroniese platvorm van Bees Winkel kan bekom nie;

NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:

1. Dat die Verkoper verkies om van ..... gebruik te maak wat n geregistreerde Onafhanklike Diensverskaffer (ODV) is by Bees Winkel met ODV nommer ..... wat die Verkoper sal bystaan en die nodige take sal verrig om die Verkoper instaat te stel om sy vee op die elektroniese platvorm van Bees Winkel te registreer en te verkoop.
2. Die Verkoper gee hiermee volmag en instruksie aan die ODV om die vee soos beskryf hierin as te koop aan te bied op Bees Winkel se elektronies verkoop platform op ..... 2019.

SPEENKALWERS ☐ **STOORLAMMER** ☐ **STOOR KOEIE** ☐ **KOEIE MET KALWERS** ☐
SLAGBEESTE ☐ **SLAGLAMMERS** ☐ **BOKKE** ☐

Aantal ..... **Aantal manlik**..... **Aantal vroulik** .....

Gemiddelde massa ..... **Swaarste dier (kg)** ..... **Ligste dier (kg)** .....

Naaste dorp ..... **Afstand van dorp (km)** .....

Weeg metode ..... **Diere gespeen?** ..... **Enige ander inligting** .....

..... **Reserwe prys (R/Kg)** .....

3. Die Verkoper bevestig dat hy bewus is dat die ODV nie in diens staan van Bees Winkel nie maar slegs op 'n sub-kontrakteurs basis 'n diens verrig teen betaling van 'n kommissie.
4. By ondertekening van hierdie ooreenkoms erken en bevestig die Verkoper dat hy kennis dra van die inhoud en aard van die standaard terme en voorwaardes en Praktyk Standaarde wat gevolg moet word en waartoe Bees Winkel onderskryf, wat die Verkoper ook te alle tye sal nakom. Genoemde terme en voorwaardes en 'n integrale deel van hierdie ooreenkoms deur middel van verwysing daarna.
5. Die Verkoper bevestig dat die kommissie wat Bees Winkel sal verdien uit 'n suksesvolle verkoop op die elektronies platvorm 2% (Twee persent) sal wees van die bruto verkoop prys van die vee en die kommissie wat die ODV sal verdien 'n vêrdere 1% (Een persent) van die bruto verkoop prys van die vee sal wees.

BEESWINKEL .co.za

BEESWINKEL (PTY) LTD DERDE PARTY OOREENKOMS

6 Die Verkoper bevestig dat, op elektroniese aanvaarding van die koopprys deur die Koper, gelyk of meer as Verkoper se reserweprys, 'n bindende koopkontrak ontstaan, wedersyds afdwingbaar, tussen die Verkoper, die Koper, Bees Winkel en die ODV wat 'n wettige kontrak is waaraan alle partye daartoe gehoor sal gee.

7 Die Verkoper waarborg onvoorwaardelik en onherroeplik dat die vee wat aldus verkoop is gelewer sal word binne 7 dae van datum van verkoop en stel in hierdie verband vir Bees Winkel, die ODV en die Koper skadeloos vir enige skade wat enige van hulle mag ly, hetsy direkte of indirekte skade, as gevolg van die nie lewering van die vee na die ontstaan van 'n suksesvolle koopkontrak.

8 In geval van die verbreking van die koopkontrak na verwys in paragraaf 6 hierbo onderneem die Verkoper om verant woordelik te wees vir die regskostes van Bees Winkel, die ODV en / of die Koper vir enige regsaksie ingestel deur enige van hulle teen die Verkoper op 'n skaal berekenbaar soos tussen prokureur en eie kliënt.

9 Vir doeleindes van alle kennisgewing wat versend mag word, in terme van hierdie kontrak of voortspruitend daaruit, aan die Verkoper, kies die Verkoper as sy gekose domicilium citandi et executandi die adresse soos verskyn op die inligtingsblad waarby hierdie terme en voorwaardes aangeheg is.

10 Die Verkoper bevestig dat, behalwe vir die inhoud van hierdie kontrak, gelees saam met die standaard terme en voorwaardes en praktyk standaarde van Bees Winkel, daar geen voorstellings hoegenaamd aan hom gemaak is deur of Bees Winkel of die ODV welke nie hierin vervat is nie. Hierdie vorm die geheel van die ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging daaraan, skrapping daaruit of toevoeging daartoe sal van enige krag of effek wees tensy dit op skrif gestel is en deur beide partye onderteken is nie.

11 Hiermee gee ek vir ..... (diensverskaffer) my toestemming dat hy/sy my diere op Beeswinkel mag laai - ek bevestig dat ek bewus is dat Beeswinkel enige transaksie mag kanselleer in terme van klosule 6 van ons terme en voorwaardes gepubliseer op ons webwerf **www.beeswinkel.co.za**

Geteken te ..... **op hierdie** ..... **dag van** .....

.....

Getuie

.....

Bees Winkel (Edms) Bpk

.....

Getuie

.....

Verkoper

BEESWINKEL .co.za